This edition of Health SA Gesondheid reflects on the critical debate and report of a wide variety of relevant health issues.

The purpose of the first article was to determine the effect of developmentally supportive positioning (DSP) on preterm infants' stress levels. The conclusion was that DSP significantly decreases premature infants' stress levels. The purpose of the second article was to conduct a qualitative, explorative, descriptive and contextual study to determine the experiences of international nursing students visiting Namibia regarding transcultural nursing. Based on the findings, guidelines were constructed addressing aspects such as the health structure of the country, health belief systems, legal aspects, and the philosophy of nursing care in Namibia. The aim of the third article was to investigate the prescribing of antimicrobials in private primary health care in South Africa. The results show that antibiotics prescribed for viral diseases indicated inappropriate use because these infections are caused by non-bacterial agents, and thus are self-limiting. The fourth and fifth articles focus on the same study namely an investigation regarding the factors impacting on contraceptive practices. The aim of the fourth article was to identify and describe factors impacting on the contraceptive practices of women through a literature review. The fifth article focused on the empirical component of the study and intends to identify and describe factors impacting on the utilisation of contraceptives and contraceptive services among youth in Northern Tshwane. The last article is in the format of a report regarding the student health services at the University of Pretoria from 2000 to 2005.

**Prof. CSL Delport - Professional Editor**

In hierdie uitgawe van Health SA Gesondheid word daar oor 'n breë spektrum van aktuele gesondheidskwessies krities debat gevoer en verslag gedoen.

Die doel van die eerste artikel was om die effek van ontwikkeling-ondersteunende posisionering (OOP) op die stresvlakke van premature babas te ondersoek. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat OOP die stresvlakke van premature babas betekenisvol verminder. Die tweede artikel se doel was om deur middel van 'n kwalitatiewe, verkennende, beskrywende en kontekstuele studie die ervaringe van internasionale verpleegstudente in verband met transkulturele verpleging tydens 'n besoek aan Namibië te ondersoek. Uit hierdie ondersoek is riglyne ontwikkel wat fokus op aspekte soos die gesondheidstruktuur van die land, gesondheidsgesindhede en oortuigings asook die wetlike aspekte en die filosofie van gesondheidsorg in Namibië. In die derde artikel word daar ondersoek ingestel na die voorskryfpatrone van antimikrobiese middels in private primêre gesondheidsorginrigtings in Suid-Afrika. Die bevindinge toon aan dat die voorskryf van antibiotiese middels vir virale siektetoestande op onoordeelkundige verbruik dui omdat hierdie infeksies deur niebakteriële agente veroorsaak word en gevolglik selfbeperkend is. Die vierde en vyfde artikel fokus op dieselfde studie naamlik 'n ondersoek na die faftore wat 'n impak op voorbehoedpraktyke het. Binne hierdie konteks was die doel van die vierde artikel om deur middel van 'n literatuuroorsig die faktore te identifiseer en te beskryf wat 'n impak op die voorbehoedpraktyke van vroue het. Die vyfde artikel het op die empiriese komponent van die studie gefokus naamlik om die faktore wat 'n impak op die gebruik van voorbehoedmiddels en dienste hiervoor vir jeugdiges in Noord-Tshwane te identifiseer en te beskryf. Die laaste artikel is in die formaat van 'n verslag oor die aard van gesondheidsdienste vir studente aan die Universiteit van Pretoria oor die tydperk 2000 tot 2005.

**Prof. CSL Delport - Professionele Redakteur**